

Abraham se nageslag



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie se studie:

Esegiël 16:8; Deuteronómium 28:1, 15; Jeremia 11:8; Génesis 6:5; Johannes 10:27, 28; Galásiërs 3:26–29; Romeine 4:16, 17.

Geheueteks:

“Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (*I Petrus 2:9*).

In ‘n klein dorpie het die horlosie in die juwelier se winkelvenster eendag op kwart voor nege gaan staan. Baie van die inwoners was van hierdie horlosie afhanklik om te weet hoe laat dit is. Op hierdie spesifieke oggend het die sakemanne en –vroue na die venster gekyk en opgelet dat dit nog vyftien minute voor nege was; die kinders op pad skool toe was verras om te sien dat hulle nog baie tyd gehad het om te drentel. Baie persone het daardie oggend laatgekom omdat een klein horlosie in die juwelier se winkelvenster gaan staan het.” — C. L. Paddock, *God’s Minutes* (Nashville, TN: Southern Publishing Association, 1965), bl. 244, aangepas, (vry vertaal). Hierdie is ‘n akkurate voorstelling van antieke Israel se mislukking. Die Here het Israel “onder die nasies gestel, en lande is daar rondomheen” (*Esegiël 5:5*), strategies in die middel van drie kontinente (Afrika, Europa, en Asië). Hulle was bedoel om die geestelike “horlosie” van die wêreld te wees. Israel het egter in ‘n sekere sin, net soos die horlosie in die juwelier se winkelvenster, tot stilstand gekom. Maar, dit het nie op ‘n volkome mislukking uitgeloop nie; want net soos toe, het God vandag sy getroue oorblyfsel. Ons studie hierdie week fokus op die identiteit en rol van God se ware Israel in elke eeu, en ook in ons s’n.

Hierdie week met een oogopslag: Watter verbondsbeloftes het die Here aan Israel gemaak? Watter voorwaardes was ingesluit? Hoe goed het die nasie met daardie beloftes gevaar? Wat het gebeur toe hulle ongehoorsaam was?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 8 Mei*

“ . . . uit al die volke ”

“Want jy is ‘n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees” (*Deuteronómium 7:6*).

Daar is geen twyfel nie: Die Here het die Hebreeuse volk spesifiek gestuur om sy spesiale verteenwoordigers op die aarde te wees. Die woord wat as “uitverkies” in die vers hierbo vertaal is, is “segulah”, en beteken “eiendomsvolk” of “sy spesiale eiendom”. Die belangrikste punt om te onthou is dat hierdie keuse alleenlik God se handeling was, ‘n uitdrukking van Sy genade. Die volk self het niks gedoen om hierdie genade te verdien nie. Daar kon niks gewees het nie, want genade is iets wat nie verdien kan word nie.

Lees Esegïel 16:8. Hoe verduidelik dit hoe die Here Israel gekies het?

“Hoekom het Yahweh vir Israel gekies? Dit was onbegryplik. Hulle was ‘n klein groepie mense sonder ‘n noemenswaardige kultuur en sonder aansien. Hulle het geen spesiale hoedanighede gehad wat so ‘n keuse sou kon regverdig nie. Die keuse was die handeling van God self. . . . Die uitsluitlike oorsprong van daardie keuse was in die verborgenheid van Goddelike liefde te vinde. Dit is ‘n feit dat God Israel liefgehad het en haar gekies het, en sodoende sy belofte aan die voorvaders nagekom het. . . . Sy was gekies kragtens Yahweh se liefde vir haar. Sy was uit slawerny in Egipte bevry deur ‘n openbaring van Yahweh se mag. As sy maar net hierdie feite kon begryp, dan sou sy besef het dat sy inderdaad ‘n heilige en kosbare volk was. Enige neiging aan haar kant om so ‘n edele status af te staan, was laakbaarheid op sy beste.” — J. A. Thompson, *Deuteronomy* (London: Inter-Varsity Press, 1974), bl. 130, 131, (vry vertaal). Volgens die goddelike plan moes die Israeliëte beide ‘n koninklike en ‘n priesterlike ras gewees het. In ‘n bese wêreld moes hulle as konings op morele en geestelike gebied leiding geneem het deurdat hulle oor die sonde sou geseëvier het (*Openbaring 20:6*). As priesters moes hulle die Here in gebed, in lofprysing en in offerandes aanbid. As bemiddelaars tussen God en die heidene moes hulle as leermeesters, predikers en profete optree, en die voorbeeld stel hoe om heilig te lewe — die Hemel se vertolkers van ware aanbidding.

Kyk na die frase in vandag se vers waar die Here sê dat hulle “. . . uit al die volke . . . op die aarde” in woord en daad sy eiendomsvolk moes wees. Met inagneming van alles wat die Woord oor die deug van nederigheid en die gevaar van hooghartigheid leer, wat dink jy beteken hierdie vers? Op watter maniere moes hulle “bo” alle mense uitgestyg het? Behoort ons hierdie gedagte ook op ons as ‘n kerk toe te pas? Indien ons moet, hoe moet ons dit doen?

‘n Landaanbod (*Gen. 35:12*)

Die belofte dat ‘n land aan God se volk, Israel, gegee sou word, was eerste aan Abraham gemaak, en toe aan Isak en Jakob herhaal. Josef se sterwenswoorde het hierdie belofte herhaal (*Génesis 50:24*). God het egter aan Abraham gesê dat “vierhonderd jaar” verby sou gaan voordat die nageslag van Abraham die land in besit sou neem (*Génesis 15:13, 16*). Die vervulling van die belofte het in die dae van Moses en Josua begin. Moses het die goddelike bevel herhaal: “ ‘ Kyk, Ek gee die land aan julle oor; gaan in en neem die land in besit ...’ ” (*Deuteronomium 1:8*).

Lees Deuteronomium 28:1, 15. Wat word deur hierdie woorde geïmpliseer? Kortom, die land sou aan hulle gegee word as deel van die verbond wat hulle gesluit het. ‘n Verbond impliseer verpligtinge. Watter verpligtinge moes Israel nakom?

Die eerste deel van Deuteronomium 28 noem die seëninge wat Israel sou ontvang as hulle God se wil sou volg. Die tweede deel van die hoofstuk noem die vloeke wat oor hulle sou kom. Hierdie vloeke het “grootliks, maar nie heeltemal nie, oor hulle gekom deurdat hulle doodeenvoudig die sonde kans gegee het om bose resultate te lewer. . . . ‘Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai . . .’ (*Galásiërs 6:8*). Dis net soos water wat vanself sal aanhou loop totdat die hoogte oral dieselfde is; soos ‘n horlosie wat vanself nie sal ophou loop totdat dit afgewen is nie; soos ‘n boom wat van nature sal aanhou groei en vrugte dra wat daarby hoort; – so het sonde ‘n toppunt om te bereik, ‘n pad om te loop, ‘n vrug om te dra, en ‘die uiteinde daarvan is die dood’ (*Rom. [6:21]*).” – The Pulpit Commentary: Deuteronomy, H. D. M. Spence and Joseph S. Exell, eds. (Peabody, MA: Hendrickson Publishers, 1890), vol. 3, bl. 439, (*vry vertaal*). Ten spyte van al die beloftes om ‘n land te ontvang, was daardie beloftes nie onvoorwaardelik nie. Hulle was deel van ‘n verbond. Israel moes hulle deel van die ooreenkoms nakom; as hulle dit nie sou doen nie, sou die beloftes tot niet gaan. Die HERE het dit meer as een keer baie duidelik gemaak dat as hulle ongehoorsaam sou wees, die land van hulle weggeneem sou word. Lees Levitikus 26:27–33. Dis moeilik om te verstaan hoe die Here nog meer uitdruklik met sy woorde kon wees.

As Christene sien ons daarna uit om die beloofde lande van die hemel en die nuwe aarde te ontvang en te behou. Dit was aan ons belowe, net soos die aardse Beloofde Land aan die Hebreërs belowe was. Die verskil is egter dat wanneer ons eers daar is, daar geen moontlikheid is dat ons dit ooit weer sal verloor nie (*Daniël 7:18*). Terselfdertyd is daar voorwaardes wat ons moet nakom om daar te kom. Hoe verstaan jy wat hierdie voorwaardes is, veral in die konteks van verlossing deur geloof alleenlik?

Israel en die verbond

“Nogtans het hulle nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hulle het gewandel elkeen in die verharding van sy bouse hart. Daarom het Ek oor hulle gebring al die woorde van hierdie verbond wat Ek beveel het om te doen, maar wat hulle nie gedoen het nie.” (*Jeremia 11:8*). Let op na die teksvers hierbo. Die Here sê dat Hy “al die woorde van hierdie verbond” oor hulle sal bring. Hy is egter besig om oor iets ongunstigs te praat! Hoewel ons geneig is om aan die verbond te dink as iets wat net goed vir ons is, is daar ook die ander kant daarvan. Noag het hierdie beginsel raakgesien. God het hom ‘n wonderlike opsie aangebied — om hom van uitwissing te red, maar Noag moes gehoorsaam wees om die seënige van God se genade te ondervind. Indien hy dit nie sou doen nie, sou die ander kant van die verbond in werking tree.

Vergelyk die bogenoemde teksvers met Génesis 6:5 wat betrekking het op die antediluviaanse wêreld. Wat is die ooreenkoms? Wat sê hierdie verse oor hoe belangrik dit vir ons is om ons gedagtes te beheer?

Ongelukkig toon die geskiedenis van die Israelitiese nasie grotendeels ‘n patroon van afvalligheid, gevolg deur God se oordele, daarna berou, en dan ‘n periode van gehoorsaamheid. Net vir ‘n baie kort tydjie, onder Dawid en Salomo se regerings, het hulle beheer oor die volle omvang van die beloofde grondgebied gehad. Lees hierdie verse uit Jeremia oor Israel se afvalligheid. “Hy sê: As ‘n man sy vrou verstoot, en sy gaan van hom af weg en word ‘n ander man s’n, kan hy dan nog na haar teruggaan? Sal daardie land nie skandelik onheiligh word nie? En jy het met baie minnaars gehoereer en wil na My terugkom, spreek die HERE . . . Maar soos ‘ vrou troueloos skei van haar minnaar, so het julle troueloos teen My gehandel, o huis van Israel, spreek die HERE.” (*Jeremia 3:1, 20*).

Dit bring ons by iets wat vroeër ter sprake gekom het: die verbond wat God met ons wil sluit, is nie net een of ander formele wetlike besigheids-ooreenkoms om die beste voordeel daaruit te kry nie. Die verbondsverhouding is ‘n toewydingsbelofte wat net so ernstig as ‘n huweliksbelofte is, en dit is hoekom die Here die beeldspraak gebruik het wat Hy gebruik het. Die kwessie is dat die oorsprong van Israel se afvalligheid nie op ongehoorsaamheid gegrond was nie, maar op ‘n gebroke persoonlike verhouding met die Here wat ongehoorsaamheid tot gevolg gehad het, en uiteindelik straf oor hulle gebring het.

Hoekom is die persoonlike verhoudingsbeginsel so uiters belangrik in die Christen se lewe? Hoekom, wanneer ons verhouding met God nie reg is nie, is ons so geneig om in sonde te verval en aan ongehoorsaamheid toe te gee? En, wat sal jy aan iemand sê wat die volgende vraag vra: “Hoe kan ek ‘n diep, liefdevolle verhouding met God aanknoop?”

Die oorblyfsel

Afgesien van Israel se herhaaldelike siklusse van afvalligheid en daarna goddelike oordele en berou, watter hoop word in die volgende verse gevind?

Jesaja 4:3 _____

Miga 4:6, 7 _____

Sefánja 3:12, 13 _____

Alhoewel God se plan vir antieke Israel deur ongehoorsaamheid bevlek was, was sy plan nooit verydel nie. Daar het nog 'n paar blomme tussen die dorings gegroei. Baie van die Ou Testamentiese profete praat van 'n getroue oorblyfsel wat God vir Homself soos 'n pragtige bos blomme bymekaar sou maak. Die doel van 'n getroue oorblyfsel wat God sou skep en bewaar, was dieselfde as wat Hy vir die hele Israel in gedagte gehad het — om hulle as sy goddelik-bepaalde instrumente aan te stel om “my heerlikheid onder die nasies’ te verkondig” (*Jesaja 66:19*). Deur middel hiervan sou ander by die getroues aansluit om “die HERE van die leërske” te aanbid (*Sagaría 14:16*). Daarom, maak nie saak hoe sleg die situasie geword het nie, God het altyd 'n paar getroue mense gehad wat, afgesien van afvalligheid in die geledere van God se gekose volk, hulle eie roeping en verkiesing vasgemaak het (*II Petrus 1:10*). Kortom, wat die mislukkings van die nasie in sy geheel ook al was, was daar altyd nog diegene wat probeer het om hulle kant van die verbond na die beste van hulle vermoë na te kom (*lees byvoorbeeld I Konings 19:14–18*). En hoewel hulle dalk saam met hulle nasie swaargekry het (soos ballingskap in 'n ander land), sou die finale en uiteindelijke verbondsbelofte hulle s'n wees, nl. die ewige lewe.

Lees Johannes 10:27, 28. Wat sê Jesus hier? Pas Sy woorde en die beloftes daarin op die situasie van antieke Israel se afvalligheid toe. Hoe help hierdie woorde om die bestaan van 'n getroue oorblyfsel te verduidelik?

'n Paar jaar gelede het 'n jong vrou haar Christelike geloof geheel en al opgegee, hoofsaaklik omdat sy deur die sonde, afvalligheid en skynheiligheid wat sy in haar plaaslike kerk waargeneem het, ontmoedig was. “Daardie mense was nie werklik Christene nie,” het sy gesê, en het dit as 'n verskoning aangevoer om haar geloof te versaak. Deur jou antwoord op die beginsels van vandag se studie te baseer, hoekom is haar verskoning so flou?

Geestelike Israel

Wat die foute en mislukkings van antieke Israel ook al was, die Here was nie klaar met die plan om ‘n getroue volk wat Hom sou dien, te verwek nie. Dit is ‘n feit dat die Ou Testament na ‘n tyd vooruitgekyk het wanneer die Here ‘n geestelike Israel sou skep, ‘n getroue genootskap van gelowiges, Jode en heidene, wat die werk van die verkondiging van die evangelie aan die wêreld sou doen. Voel welkom by die vroeë kerk.

Lees Galásiërs 3:26–29.

1. Van watter belofte praat Paulus in vers 29?

2. Wat is die grondbeginsel wat ‘n persoon ‘n erfgenaam van hierdie beloftes maak? (Galásiërs 3:26).

3. Hoekom onderskei Paulus tussen geslag, nasionaliteit en sosiale status?

4. Wat beteken dit om “een in Christus” te wees?

5. Lees Romeine 4:16, 17. Hoe help hierdie verse ons om wat Paulus in Galásiërs 3:26–29 sê, te verstaan?

As ‘n seun van Abraham het Christus op ‘n spesiale wyse erfgenaam van die verbondsbeloftes geword. Deur die doop het ons ‘n bloedverwant van Christus geword en deur Hom die reg verkry om deel te hê in die beloftes wat aan Abraham gemaak was. Alles wat God aan Abraham belowe het, word dus in Christus gevind, en die beloftes word dan ons s’n, nie as gevolg van ons nasionaliteit, ras of geslag nie, maar deur die genade wat God aan ons gee omdat ons glo. “Die gif aan Abraham en sy saad is nie net tot Kanaän beperk nie, maar sluit die hele aarde in. Aldus sê die apostel: ‘Die belofte dat hy ‘n erfgenaam van die wêreld sou wees, het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof’ (Romeine 4:13). En die Bybel leer duidelik dat die beloftes wat aan Abraham gemaak is, deur Christus vervul sal word. . . . -[Gelowiges word] erfgenaam van ‘n ‘onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis’, — naamlik die aarde nadat dit van die vloek van die sonde bevry is (Galásiërs 3:29; 1 Petrus 1:4).” — Ellen G. White, Patriarge en Profete, bl. 170. Hierdie belofte sal letterlik vervul word wanneer die heiliges op die nuwe aarde vir ewig en ewig saam met Christus sal lewe (Daniël 7:27).

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “The Vineyard of the Lord,” bl. 15–22; “Hope for the Heathen,” bl. 367–378; en “The House of Israel,” bl. 703–721, in *Prophets and Kings*. “God maak geen onderskeid met betrekking tot nasionaliteit, ras of stand nie. Hy is die Skepper van die hele mensdom. Alle mense is uit een voorvader geskep, en almal is een in verlossing. Christus het gekom om elke skeidsmuur af te breek, om elke afdeling van die tempel se howe oop te maak, sodat elke siel vrye toegang tot God kan hê. Sy liefde is so wyd, so diep, so vol, dat dit oral deurdring. Dit stel diegene vry wat deur Satan se invloed en sy misleidings bedrieg was, en bring hulle binne bereik van die troon van God, die troon wat deur die beloofde reënboog omring word. In Christus is daar nie Jood of Griek, slaaf of vryman nie.” — Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 369, 370, (vry vertaal). Lees I Petrus 2:9, 10 om die vier titels wat Petrus aan die kerk gee, te ontdek. Die meeste van hierdie titels word in die volgende Ou Testamentiese verse wat na Israel verwys, weerspieël: Exodus 19:6 en Jesaja 43:20. Hoe beklemtoon elkeen van hierdie titels die kerk se verhouding met God? (Byvoorbeeld, die titel “uitverkore geslag” beklemtoon die feit dat God die kerk gekies het en ‘n spesifieke doel daarmee het.)

Vrae vir bespreking:

- 1. Gedurende antieke Israel se tyd het die priesters diere-offerandes wat na die Messias vooruitgewys het, gebring. As lede van ‘n koninklike priesterdom, watter tipes “offerandes” moet kerklede bring? (I Petrus 2:5)**
- 2. God het Israel van die wêreld afgesonder sodat hulle ‘n heilige volk kon wees. Hulle moes verlossingswaarhede aan die wêreld gebring het. Dieselfde is waar vir die kerk vandag. Hoe is dit moontlik om van die wêreld afgesonder te wees en terselfdertyd in so ‘n posisie te wees om die evangelie met die wêreld te deel? Hoe help Israel se ondervinding en Jesus se voorbeeld ons om hierdie vraag te beantwoord?**
- 3. God het altyd ‘n oorblyfsel in antieke Israel instand gehou. Dink aan Elía en die oorblyfsel wat gedurende sy tyd bestaan het (I Konings 19; let veral op na vers 18). Hoekom is dit dikwels makliker om onder wêreldse mense getrou aan God te wees as in die geleedere van afvallige lede van jou eie kerkfamilie?**

Opsomming: God se ware Israel (of dit nou voor of na die kruis is) is die Israel deur die geloof, persone wat in ‘n geestelike, verbondsverhouding met Hom leef. Sulke mense tree as Sy verteenwoordigers op wat die evangelie van Sy verlossende genade aan die wêreld voorhou.